Di geldduiwel (onder ps. Neef Jan wat Versies Maak)

Jan Cachet Lion

bron
Neef Jan wat Versies Maak, *Di geldduiwel*. D.F. du Toit & Co., Paarl 1882

Zie voor verantwoording: https://www.dbnl.org/tekst/cach002geld01_01/colofon.php

Let op: werken die korter dan 140 jaar geleden verschenen zijn, kunnen auteursrechtelijk beschermd zijn.

dbnl digitale bibliotheek voor de Nederlandse letteren

Di geldduiwel.

Hoofstuk I.

OOM JAN VAN LINGE was ryk. ‘Baing ryk,’ so seg al di bure. Twe extra plase, vyf duisend skape; perde en beeste in oervloed. Hoe veel geld hy onder di mense had wis nimand, want hy spreek daar nooit oer ni. Hy was ryk en moes wel ider dag ryker worde, want hy had gen uitgawe ni. Vrou of kinders had hy ni. Hy het één kind gehad, 'n seun; mar di was in di Vrystaatse oorlog met di Basutos geval, en voor 'n paar jare is syn vrou oek gestorwe. Waarom di seun van Oom Jan as Vrywilliger na di Vrystaatse Komando gegaan is, weet ek nie, di mense het daar veel oer gepraat, mar een van di ouderlinge vertel dat hy eens met Oom Jan daar oer gesproke had, mar so 'n antwoord gekry het, dat hy nooit weer gewaag het om te praat nie. Hoe dit oek was, doet daar niks an toe ni. Een ding is seker, Oom Jan was ryk.

Daar was egter een man wat nooit seg dat Oom Jan ryk was ni, en dit was di man wat dit eintlik di beste moes weet; namelik, Oom Jan self, Hy klaag altyd so vreselik, veral as imand by hom kom om geld te leen,

met goeije sekuriteit en flukse rente; mar op syn armste was hy as di diaken kom, of om di waarheid te se, toen di diaken vroeger gekom het, want di goeje man had dit al lang opgege om iets uit Oom Jan te haal. In di kerk kom Oom Jan oek maar min. Dit was ni syn skuld ni, mar di fout was di ou leeraar, wat di sleg gewoonte had om di mense di waarheid te se, want dit is mo[s] anstotelik. Eens het Meneer oer Matt. 12:45 gepreek, en geseg dat een van di sewe geeste di ‘geldduiwel’ was Oom Jan is toen kwaad geworde, en pas toen mar syn skape op, op Zaaifontein.

Op Zaaifontein was dit oek ni al te mooi ni. Daar was wel groote krale en 'n groot land; mar di huis was net soos Oom Jan syn vader dit een maal lat maak het. Dit was 'n lang gebouw met 'n groot voorhuis en twe slaapkamers, zonder kombuis.

‘'n Kombuis is te deftig,’ seg Oom Jan, ‘daar word oek te veel vuur gemaak.’ Meubels was oek net min. 'n paar ou stoele, 'n paar tafels, en houte katels, 'n paar kaste, en dit was al. ‘Wat ni by myn wil kom ni, kan mar weg bly,’ seg di ou, en so het di meeste mense dan oek gedaan.

Dit was Juny maand en baing koud, tog het Oom Jan vroeg opgestaan. Of dit di vroeg opstaan was weet ek ni, maar Oom Jan was nukkerig. Syn mond was so dig toe as syn geldtrommel. Voor di vuurhek leg 'n paar verkleumde lammetjies om weer reg te

kom mar of dit sou luk, is te betwyfel, di vuurtjie was so klein. Oom Jan het al di hele morre sit uitreken hoe duur een miskoek is.

‘Baas,’ hier is weer 'n lammetji,’ seg 'n Hottentot, wat inkom, ‘drie is al dood.’

‘Ja, dood, dit wis ek wel,’ brom Oom Jan, ‘hulle gaat almal dood, breng die ding hier en loop.’

‘Ja, Baas!’ seg Geswind, ‘mar di wagters wil loop met die skape en vra “tabak.”

“Tabak!” skreeu di ou, “tabak!” en al ons skape gaat van jaar dood, loop of ek.....’

Geswind wag nie langer ni, mar lat vat.

‘Die ou baas is net kwaad van oggend,’ seg Geswind an syn ou meid, ‘hy het vervas nie lekker geslaap ni.’

‘Ek glo dat ou Baas nooit lekker slaap ni,’ seg di ou meid, ‘hulle sê dit spook in die kamer.’

‘So!’ antwoord Geswind, terwyl syn oge so groot word as hoendereiers.

‘Ja,’ seg di meid, ‘daar is al baing mense in di kamer dood! Ek weet ni hoe die ou Baas dit daar so alleen uithou ni.’

‘Ne wat,’ seg Geswind, ‘di ou kerl het dit lekker. Hy tel al aande syn geld. Mar ek moet nar di kraal, anders slaat di ou seker van morre.’

Di ou meid het tog di waarheid gesproke. Dit het di aand en nag in Oom Jan syn slaapkamer gespook, erg

gespook, sodat Oom Jan mar weinig geslaap het.

As een van di lesers nou meen dat hy sal hoor van swarte of witte gedaantes, met horings of vurige oge, met twe of dri perde koppe, dan kan hy di stukki gerus mar oerslaan, want sulke spoke is daar ni. As ek van spoke spreek dan meen ek ni spoke wat precies om twaalf uur deur di sleutelgat kom nie; want 'n fatsoenlik spook kom mos nooit vroe'er ni; mar dan meen ek spoke wat uit di hart kom, en wat ek mar die naam sal ge van gewetesspoke. Di gewetesspoke is lastige dinge; as hulle snags kom pla, dan kan jy mar gerus opstaan, want dan slaap jy tog ni meer ni. Di gewetesspoke het dit ver Oom Jan net lastig gemaak, hom syn nagrus ontnome, en daarom was hy nou nog nukkeriger as anders.

Die vorige aand is Oom Jan vroeg in di kamer gegaan, om, soos hy tot di vrou van syn bywoner seg, 'n bietji te gaan lees. Eers wag hy tot alles stil was, toen sluit hy di deur toe en maak 'n grote sterke wakis, wat in di hoek staan, ope. Regte langsaam, want Oom Jan was nooit haastig ni, haal hy een stuk na di ander uit di kis en sit dit opsy. Eers kom daar party ou verslete klere, toen syn kerkklere, twintig jaar oud, mar nog bruikbaar; toen 'n grote State Bybel en eindelik di geldtrommel. Met 'n glimlag kyk hy na di trommel, net soos 'n jongetji na syn bruid, as hy ouers ge-

vraag het. Versigtig set hy di trommel op tafel en begin toen di goed weer in te pak. Toen hy di Bybel anvat, was dit net of hy efventjies skrik. Dit was die Bybel van syn oerledene vrou. Hy wil dit oopmaak, mar di knippe was stram. Dit was oek al te lang ni ope gewees ni. Eindelik gaat dit tog ope. Op di eerste blad was syn geslagregister. Daar staat syn naam, en di naam van syn oerlede vrou. Daar staat oek di naam van syn gestorwe seun. Hy kon dit ni help ni, mar hy moet dit eers o'erlees. Daarna begin hy in di Bybel te blaai. Amper het hy gelees, mar hy hoor iets. Dit was 'n muis wat oer die tafel geloop het. Hy kyk op, siet syn geldtrommel, en toen was dit klaar met lees. Di Bybel werd in di kis geleg, en di geldtrommel ope gemaak.

Ek denk altyd, dat 'n gierigaard in ons tyd ni meer so lekker kry as vroeger ni. Toen was dit niks as goud en silwer en dit moes ver 'n gierigaard tog al te mooi gewees he as di knapsak ope kom en di ponde so oer di tafel rol! Nou is dit alles papiertjies. Dis oek wel mooi, mar tog ni so harde geld ni. Oom Jan dag ten minste so, toen hy die rolletjies natel. Eers toen hy by di pak bewysies kom kry hy lekker. Dit was 'n ordentelik pak. Hy haal een daarvan uit en set dit op sy. Dit was 'n bewys ver duisend pond met di naam van syn swager Hendrik Bronsveldt onder an Toen oom Jan dit siet, lag hy, dat wil se:

hy trek syn mond skeef en lat syn stomp tande sien. Hy haalde toen 'n lang papier uit. Dit was di testament van syn vader. Dikwyls genoeg het hy dit gelees, mar hy lees dit weer andagtig o'er. Toen haal hy twe brifies uit syn sak, wat hy oek o'er lees, en toen bind hy bewys, testament en briefies by makaar; waarop hy alles in di trommel set en wegsluit. Toen gaat hy le en wil slaap; mar dit was mis. Toen kom di spoke. Eers was dit ver hom of hy weer jong was en met syn suster Sanni speul; hy dag toen hoe sy altyd ver hom gewerk het. Toen was dit weer, of hy syn oerledene vrou siet, jong en pleisieri[g], soos sy naas hom gestaan het op hulle trou dag. Toen siet hy weer syn seun in kwaad uitgaan, om nooit weer terug te kom ni; en dan herinner hy sig, hoe syn vrou nooit 'n woord oer di dood van syn seun gesproke het nie, mar toen di tyding kom ver hom so vreemd angekyk het, en toen altyd swakker geworde is; tot op haar einde. Hy siet syn vader op syn sterfbed en dit was of hy hom weer hoor fluister. ‘Jan! ek het di testament net gemaak soos jy dit wil he; mar denk nou om Sannie.’ So gaat dit vort, totdat oom Jan dit ni langer kon uithou ni en verplig was o n kers op te steek en op te staan.

Om sig 'n bietji te herstel, sluit hy di kis ope en haal di pakki uit. Hy begin al weer te lees, en ons sal di vryheid neem om oek die bietjie brie-

vies te kyk. Di eerste brievi was van 'n winkelier op di dorp, 'n seker Mr. Pay en lui as volg:

‘Waarde Heer?

Ik ben van morgen by uw zwager Bronsveldt geweest, om hem aan te zeggen dat hy de £400, die hy my schuldig is betalen moet; daar ik hem anders dagvaarden zal. Hy kan niet betalen en ik ben bang dat hy insolvent zal gaan. Ik denk nu, dat gy hem moet opschroeven en zyn plaats zien te krygen. Als gy die plaats hebt geef ik er niet om, om er £3,000 contant voor dien grond te geven, zooals ik u al gezegd heb; mar dan moet die £400 en de rente er af gaan. Ik heb den agent gevraagd, en hy zegt: Gy behoeft niet bang te wezen. Die plaats moet, volgens testament eerst u aangeboden worden voor £1,500. Hy zeg toch, gy moet maar oppassen, dat uw zwager niet bankroet gaat. Kom toch in het dorp om my te zien.

Uw ond. dienaar,

M. PAY.’

Di ander brief was van oom Jan syn suster en daarin skryf sy:

‘Waarde Broeder.

By ons gaat het nog mar altyd zwak, myn man is maar ziek en wy zyn allen recht ontsteld. Mister Pay was hier en hy wil ons dagvaarden, omdat wy zyn geld niet kunnen beta-

len. Myn man zegt: wy moeten maar die plaats verkoopen en naar Transvaal trekken. Als broer nu de plaats koopen wil voor £3,000, dan kunnen wy onze schapen houden. Wy hebben maar 800; en al onze schulden betalen. Ik weet dat volgens testament, broer recht heeft om de grond voor £1,500 te krygen; maar ik reken op broer's barmhartigheid. De plaats is goed £3,000 waard, er zyn heel wat menschen, die het er voor geven willen. Broer moet toch aan ons denken. Wy houden anders geen kost over om te eten. Als gy niet £3,000 geven wil, geef dan toch zooveel, dat wy toch iets over houden.

'Ik zou wel zelf komen om met u te spreken, maar myn man is te ziek. Ik zal daarom Annie sturen. Zy zal u alles vertellen, en gy kunt haar een briefje saam geven. Nu lieve broeder, denk toch aan uwe arme zuster, die vergaan moet als gy niet helpt.

'Uw liefh. zuster,
SANNIE.'

Om di twe briwe te kan verstaan, moet ek eers iets van Oom Jan zyn geskiedenis vertel. Jare lang had hy gewerk om te kry wat hy nou byna in hande had. Syn ouders het mar twe kinders gehad; hy en syn suster. Syn vader had twe plase, en het altyd geseg dat hy an ider kind 'n plaas wil ge. Dit was ni na di sin van Oom Jan ni. Hy wou alles he. Nou ider

sal wel opgemerk he dat as imand wil kwaad doen, dit dikwils gebeur, dat dit lyk as di omstandighede hom ver 'n tyd help. So was dit oek met Oom Jan. Sannie, syn suster, trou ni heeltemaal na haar ouders hulle sin ni. Haar man was fatsoenlik en goed, mar arm en wonderlik stadig. Toen begin Oom Jan te praat. Dag an dag, spreek hy met syn ouders wat by hom in huis was, om di testament te verander, anders sou di plase na hulle dood tog mar in ander hande kom. ‘Hendrik sal nooit di grond kan hou ni,’ was gedurig syn praatji, ‘hy is te sleg om te boer, lat my mar di grond kry, ek zal wel ver Sannie sorre.’ So hou hy an totdat syn ou'ers eindelik gedeeltelik toege. Een plaas ‘Koningins Vley’ werd an Sannie vermaak, mar met di kondisi dat sy, so lang as Oom Jan leef, ni reg sal he ni om di plaas an imand anders te verkoop ni as Oom Jan, en dat ver £1,500.

Na di dood van syn ou'ers was Oom Jan regte gewillig om an swa'er geld te leen oek was hy glad ni verdrietig om te sien dat syn swager langzamerhand armer word ni. Hy had nou byna syn sin. Droogte en andere omstandighede het syn swa'er byna onder gebring; hierby was siekte gekom, en syn swager wat nooit regte fluks was om te boer ni, had nou geheel moed opgege. Sus Sannie doet wat sy kon, mar di boerdery gaat mar agteruit. Dis oek mar moeilik om 'n wa teen te hou wat afdra'end gaat. Mr. Pay, di

winkelier op di dorp, stoot oek an. Hendrik Bronsveldt was an hem £400 skuldig, en nou wil Mr. Pay met Oom Jan 'n plan maak om ‘Koningin's Vley’ in hande te kry. Mr. Pay wil £3,000 ge, maar wis goed waarby hy 'n £500 kon verdien. Di laaste vergeet hy egter om aan Oom Jan te vertel.

Nadat hy di twe briewe gelees het voel Oom Jan ni lekker ni. Daar was stryd van binne. Gewete en geldduiwel kry twis. ‘Help jou suster,’ seg gewete. ‘Vyftien honderd pond! vyftien honderd pond wins!’ fluister geldduiwel. ‘Hulle sal gen kos he ni,’ seg gewete.’ ‘Jy kan hulle wel naderhand help vat maar eers di plaas,’ seg geldduiwel. So duur dit 'n tytji en geldduiwel begin te win. Dit is altyd so, as 'n mens met geldduiwel te doen het, en hy slaat hom ni met eens di harsens in ni, mar begint met hom te redeneer, dan win hy byna altyd. ‘Daar is mar mi[...] in die trommeltji,’ seg geldduiwel, en Oom Jan gaat kyk of geldduiwel reg het. Toen hy so rondvoel siet hy 'n koper dubbeltji, met 'n gaatji, in di trommel le. Hy vat dit, en kyk dit met 'n toornig gelaat an, gooi dit toen weer in di trommel, en seg, halfhard, ‘Ek sal hulle ni help ni. Hulle wil mos hulle dogter an di ellendige kerel ge. Laat hulle nou sien om klaar te kom.’ ‘Reg so,’ seg Geldduiwel, en Oom Jan gaat slaap.

Hoofdstuk II.

‘Klets!’ waai di sweep, en Ruiter, di vosbles, wat hotvoor trek, draai effentjies syn kop na Tromp, syn maat, as of hy wil se: ‘Toe, kerel, kom!’ en val weg, kop voor di bors. Tromp was klaar, en di ander vier vosse lat hulle ni nooi ni. Dit was mooi om te sien, hoe di span di bult uitloop. Ou Willem van Duren had syn werk om hulle te hou; byna lig hull hom op van di voorkis, en Willem wae tog gen mager buitelandertji ni, mar 'n Afrikaner, twe honderd pond swaar. ‘Sal ek help, oom,’ seg 'n jong man, wat naas oom Willem sit en di sweep had. ‘Ne wat, Gerrit! hulle sal net nou bedaar.’ ‘Stryk Tromp!’ roep 'n jongetjies stem uit di wa, ‘lat ons sien hoe hy sal maak.’ ‘Moe nie, Gerrit!’ roep 'n vrouwestem angstig, ‘jy sal ons lat verongeluk.’ ‘Wees mar ni bang ni, Tanta!’ seg die jongman, ‘ek is slimmer as so, die perde draf al.’

‘Skaam jy jou ni, Willem! om so te ja ni,’ vra die vrou wat eerste gesproke het. ‘Skaam jy jou ni, en dit nog al as jy van die kerk af kom! Jy vergeet dat jy diaken is. Ek het my amper vaal geskrik.’

‘Og ne, Letjie! Dit moet jy tog ni sê ni, jy is mos tog te gewoon and' ja,’ antwoord Willem toen hy lag lag omkyk, ‘Gerrit het mar effentjies met di sweep geklap. As 'n man so 'n span vosse het, dan moet hy mar ja,

al was hy oek so ernstig as Calvyn, waarvan meneer so dikwils preek. Jy is oek lang nog ni vaal ni, jy siet daar regte mooi uit, is dit ni waar ni, Gerrit?'

Dit was oek gen leugen ni. Tante Letjie was 'n mooi vrou, en Oom Willem lag van vergenoege toen hy haar beskou, soos ieder man doet wat syn vrou lief het. Wel was sy ni meer jong ni, mar dit doet daar niks an toe ni. Ek seg dikwils: 'n jong meisie is mooi, daar stry ek ni teen ni; mar 'n vrou, omring van kinders, wat haar lief het, en waarop sy met vriendelike oge neersiet; 'n vrou wat jy op haar gesig kan lees dat sy moeder is, en haar huis kan in orde hou; 'n vrou, wat met die jongste kind op die skoot, die besware van die oudste seun kan anhoor, en hom raad ge; met één woord, 'n godvreesende huismoeder is oek mooi; en idereen wat syn hoed ver so een ni afneem of haar nie mooi vind ni, makeer iets in syn oog of in - syn hart.

Gerrit had hem oek omgedraaid, mar kyk daarom ni te veul na tante Letjie nie, mar wel na 'n jongmeisie wat naas tante sit. Sy was oek wel die moeite wêrd om te beskou, want sy siet daar uit as 'n roosknop wat net wil opegaan. Jammer mar dat sy so treurig lyk.

Di meisie was Annie Bronsveld, wat op weg was na Oom Jan. Sy was met haar broertje, 'n jongetjie van omtrent 15 jaar, vroeg van huis gegaan, en had

Oom Willem, wat met di wa van di dorp kom, ontmoet. Tante Letjie had geseg, dat sy mar op die wa moes klim - dan kon haar broertji mar met di kar ankom. Gerrit Verhoef, wat by Oom Willem woon, het ver haar geknik om mar ja te sê; en om di waarheid te vertel, Annie doet graag wat Gerrit wil hê. Gerrit was dan oek 'n goeije jong man. Vroeg wees geworde, had Oom Willem h om groot gemaak, en nou had Gerrit met transport ry dit tog so ver gebring, dat hy vyf span osse en twe bokwaens had, en ordentlik geld verdien. Mar Gerrit wou meer hê. 'n Jaar gelede had hy eenmaal een aand ver Annie iets soetjies in di oer gefluister. Sy is toen rooi geworde, mar het tog ni ‘ne’ geseg ni. Nou seg party mense dat sy an Gerrit verloof is, mar Annie seg ni so ni.

Gerrit wis goed, hoe die sake by Annie haar vader staat, en daarom had hy ver haar so jammer. Hy het hom voorgeneem om hulle te help, al sou dit hom oek nog so veul kos. Syn plan was klaar, mar hy het met nimand daaroer gesproke ni. Hy wou eers sien wat Oom Jan sou doen.

Toen di pêrde weer bedaar het, draai tante Letjie sig na Annie en seg, ‘Wel Annie, was jou ma oek op di dorp?’

‘Sy was Saterdag so 'n ogenblikkie op di dorp, om met Mr. Pay te spreek, sy kan pa ni alleen laat ni,’

was di bedrukte antwoord van di meisie.

‘En wat het Mr. Pay geseg?’

‘Hy seg dat Pa moet betaal, want dat hy ni langer uitstel wil ge ni, as ons nou mar di plaas kan verkoop, dan sou alles nog gaan, daar sou nog 'n bitjie geld oerskiet; mar nou kan Oom Jan, volgens testament di plaas ver £1500 kry,’ en dan skiet daar niks oer ni

‘Dat is di snaakste testament, wat ek ooit van gehoor het,’ seg Oom Willem! ‘Oom Jan het seker sk lm gewerk.’

‘En nou gaat jy oom Jan vra?’ seg tante Letje.

‘Ja, ma het an hom geskrywe om van syn reg af te sien, of £3000 ver di plaas te ge’

‘Eer di ou dit doet, moet daar meer gebeur,’ seg oom Willen.

‘Hy kan maak wat hy wil,’ val Gerrit in. ‘Ik seg, jou vader sal wel geldkry om Mr. Pay te betaal’

‘Van wie dan?’ vraag Annie verrast.

‘D t is myn saak,’ antwoord Gerrit met 'n glimlag. ‘Ek sal jou dit morre aand wel vertel.’

‘Wil jy dan morre al weer ry G rrit?’ seg Oom Willem. ‘Is jy ni bang dat jou ou ryperd sal praat ni.’

Annie werd by di gesegte van Oom Willem vuurrooi, en kyk by di venstertji uit.

‘Hy sal wel nog hou,’ seg Gerrit, ‘mar myn osse is weg, en ek den k

hulle is in di laagte by Koningin's Vley.'

'Jou osse is teunswoordig dikwils weg,' seg Oom Willem, wat wou terre, 'vroeger, dit was in di tyd toen Annie 'n paar maande by Oom Jan was, loop hulle altyd weg na Zaaifontein, nou gaat hulle 'n goeje end verder.'

'Dit kom omdat Oom Jan my en myn osse oek so verwilder h[e]t, dat ons ver Zaaifontein bang is. Oom Jan kan myn glad ni verdra ni.'

'Mar dit is jou eie skuld, Gerrit,' seg Annie, 'jy het Oom Jan oek ver niet so kwaad gemaak.'

'Wat het jy dan an Oom Jan gedaan?' vra Oom Willem, en kyk Gerrit an, 'jy het tog ni zyn geldkis bygeloop ni.'

'Weet Oom dit ni? Ek het gedog dat alle mense daar van weet, omdat di hele wereld daar o'er gesproke het. Dit was mar net 'n grap.'

'Vertel dan,' seg Oom Willem, want hy hou van 'n grap.

'By di laaste grote kollekte, toen idereen wat gege het om di nuwe kerk te bou, het Oom Jan een koper dubbeltji in di zakki gegooi. Di diaken, wat by di deur gestaan het, het dit gesien, en is so kwaad geworde, dat hy di dubbeltji weggesmyt het. Ons jonge mense, het dit gekry, en daar toen 'n gatji ingeboor, en in 'n briefi na Oom Jan gestuur. In di briefi staan dat hy di dubbeltji op syn borst moes dra. Wie of dit vertel het weet

ek ni, mar van di tyd af kan Oom Jan myn glad ni meer verdra ni.'

'Dit was oek verkeerd om met 'n ou mens te spot,' seg tante, 'as Oom Willem syn plig doet, moes hy jou net dugtig vermaan.'

Oom Willem lag ongelukkig te lekker om te vermaan, al wat hy seg was, 'Ek sou di ou syn gesig wel wou gesien hê toen hy di brief oopgemaak het.'

'Ek het daar daarom spyt van,' antwoord Gerrit, 'ek is na Oom Jan gegaan om exkuus te vra, mar hy was te dwars, hy wou niks hoor ni.'

Terwyl op di wa so gepraat werd, was hulle by di uitdraaipad na Zaaifontein gekom. Oom Willem hou stil en Annie klim af.

'Nou tot morre, Annie,' fluister Gerrit, toen Annie op haar kar klim, 'hou mar kourasie, alles zal reg kom, so's Oom Jan Brand seg.'

In gedagte versonke, en zonder met haar broertje te praat, ry Annie vort. Lus om na Oom Jan te gaan had sy ni, mar haar ma kon ni weg ni, en daar sy geen ou'er broer had ni, moes sy dit mar doen. Eer sy daarom dog, was sy op Zaaifontein, en hou di kar voor di deur stil.

'Hier is ons,' seg haar broertji, 'kom Geswind, help uitspan.'

Toen di kar stil hou, was Oom Jan tog so vrindelik gewees om uit te kom en syn niggie af te nooi; mar toen Annie binne was, en Oom Jan niks anders se ni as, 'Sit mar Annie,' voel

zy tog dat sy 'n werk op haar geneem het, wat moeilik was. Sy wist ni hoe sy sou begin ni. Haar broertji het di kar uitgespan, en is toen binne toe gekom om Oom Jan te groet, maar is dadelik weer uitgegaan, om syn perde water te ge. Oom Jan loop sonder een enkel woord te praat, en di arme Annie werd so verlege dat sy byna begin te huil. Eindelik kom daar uitkoms.

‘Hoe gaat dit met sus Sannie,’ vra oom Jan toen hy klaar had met rondloop.

‘Ma is vris, groetnis oek oom,’ antwoord Annie,’ mar pa is siek. Di dokter se as daar gen verandering kom ni, dat pa seker di tering sal kry.’

‘Wat dokter,’ grom di ou,’ waarom stuur julle pa ni na ou tante Grieta ni, sy weet seker net so veel as di dokter, en ver haar hoef julle ni te betaal ni. Di dokter help oek om jou pa so arm te maak.’

‘Myn liwe oom! dis tog mar di eerste maal wat di dokter kom, en ons het al di huismiddels, van tante Grieta gebruik, mar niks wil help ni Pa blyft mar so. Di dokter se: dat di verdriet di ergste is. Mr. Pay was by pa gewees en toen is dit so erg geworde.’

Oom Jan begrijp wel waar Annie na toe wil, mar daar hy gen lus had om dit ver haar gemakkelik te maak ni, bly hy dood stil; dit maak toen dat Annie weer moes begin, terwyl di ver legenheid haar wange lat rooi worde.

‘Ma het myn gestuur om van oom te vra wat oom van di briefi seg wat ma geskrywe het,’ seg sy eindelik bewende.

En moes jy dan express om di antwoord hiernatoe kom,’ grom oom Jan.’ Waarom kom jou pa of jou ma ni. Wel so gaat dit. Nooins word nou al in mans sake gebruik. Dit is seker oek weer een van di nuwighede.’

‘Pa is te siek en ma kan pa ni alleen laat ni, myn broertji is nog te klein. Ag oom! help ons tog, anders sal al ons goed verkog worde en ons weet ni waarnatoe ons moet gaan ni. As oom nog 'n bitji geld wou leen, dat pa Mr. Pay kon betaal, dan sou ons opsukkel.’

‘Jy is 'n meisi, en verstaat niks’ bromde oom Jan. ‘Jou pa is te swak om te boer en jou ma kan gen boerdery bestuur ni. Jou pa moet mar di plaas an myn afstaan en dan kan hy op di dorp gaat woon. Hy sal daar wel wat verdien.’

‘Ons huisgesin is te groot om op di dorp te gaan woon; mar as oom van syn reg wil afsien, of ver pa £3,000 ver di plaas wil ge, dan kan ons na di Transvaal of Griqualand West gaan, en weer 'n stukki grond koop’

‘Van myn reg afsien, nooit!’ antwoord oom Jan.’ ‘Myn oerlede vader wis wel: dat jou pa, di grond ni sou kan hou ni, en daarom het hy dit juis so gemaakt. Ek sal ni afsien of meer ge ni. Seg mar gerus an jou pa, dat

ek hom £1,000 sal ge, daarme kan hy Mr. Pay betaal en ver myn oek, hy kan dan syn los goed oerhou.',

'Dit is te min, antwoord di meisi,' ons het nog meer te betaal, en ons sal niks oer hou ni.

'Dit spyt my, mar ek kan daar niks an doen ni. Ek kan oek ni met 'n vrou praat ni. Seg mar an jou vader dat ek Vrydag aand by hom sal wees; ik wil oek myn geld he, ik het dit nodig. Saterdag moet ek op di dorp wees.'

Te vergeefs beproef Annie om Oom Jan van gedagte te lat verander. Di ou bly onbewegelik.

'Jy praat verniet Annie. Ek sou seker ver jou nog di meeste doen, want jy is di enigste van di hele klomp, wat 'n bitji verstand het mar jy loop nou oek agter di ellendige Gerrit an, en ek sal dit di vabond nog betaald zit, dat hy my beledig het.

'Dit was mar 'n grap,' stamelde Annie.

''n Grap,' bulder oom Jan, wat mar bly was om iets te vinde om kwaad om te worde. 'Een grap, ek seg jou hy is 'n vabond di transportryer.

Di vloed van oom Jan syn woorde was nou onkeerbaar. Di arme meisi geef dan oek mar di moed op, en lat haar broertji inspan. 'Seg mar an jou pa, dat ek Vrydag aand daar sal wees' was oom Jan syn laa te woorde.

Vergenoegd siet oom Jan di kar weg ry. 'Dit het ek goed gedaan,' seg

hy by sig self. ‘Ek moet Hendrik Vrydag aand mar opdruk, dan sal hy wel di koopbrief teken. As ek mar ni te sag is ni. ‘Reg so,’ seg Geldduivel daar binne.

‘Daar kom al weer 'n karretji oer di bult. Dit lyk 'n buggy. Dit is zeker seur Morris,’ seg Gezwind. ‘Ek ken syn twe wit perde.’

‘Goed so, Geswind, blyf mar by di deur om te help uitspan,’ antwoord oom Jan, terwyl hy op syn manier lag. ‘Ek is bly dat hy kom.’

Binnen korte tyd was di buggy voor di deur, en Oom Jan gaat 'n paar stappe verder as gewoonlik om Mr. Morris te ontvang, iets wat door Morris met 'n glimlag opgemerk werd.

‘'n Man is welkom as hy geld breng, oompie,’ seg Morris toen hy inkom.

‘Ek het jou di deur nog nooit belet ni, Morris?’

‘Waar kom jy van daan?’

‘Ek kom van jou swager Hendrik, seg Morris. ‘Dit slet daar mar treurig uit. Ek het gehoor dat hy osse wil verkoop, hy had wel osse, mar durf dit ni verkoop ni, omdat Mr. Pay hom met ek weet ni wat gedreig het ni, as hy syn osse verkoop, eer hy Pay betaal het. As dit so gaat sal Pay seker alles kry. Hy is 'n slimme ou kerel.’

So! seg oom Jan na 'n rukki, het jy niks van di grond gehoor ni?

‘So wat. Hendrik wou ni praat ni mar tog het hy geseg, dat hy, als hy

mar kon, syn grond sou verkoop; mar dat hy dit eers an oom moes afstaan. Hy het myn toen om raad gevraag.'

'En wat het jy geseg,' vroeg oom Jan haastig.

'Dat hy mar moes wag totdat oom dood is, was di antwoord, Oom is tog al oud.'

'Ek sal langer lewe as een van julle,' roep Oom Jan toornig, 'jy moet ni met myn spot ni, Morris, of ek word kwaad.'

'Wel ek denk, Oom Jan is taai,' seg Morris, 'wat sig di moeite ni wou ge om Oom Jan, goed te maak ni; daar hy di regte middel in syn sak had. Lat ons mar oer iets anders praat. Ek het di geld ver di osse in myn zak, haal mar di bewysi.'

Toen Oom Jan van geld hoor was hy somar goed. Hy gaat di bewysi haal solang as Morris di geld tel.

Terwyl Morris so besig is, wil ons hom effentjes beskou. Hy was 'n klein lewendige bolandertji. Hy handel in alles, mar koop liefste ve op. Di mense hou oer algemeen veul van hom.

'Jy het seker weer 'n goeije slag geslaan met di osse,' seg Oom Jan, terwyl hy di bank note één ver één andagtig beskou.

'O, ne, Oompie! Ek het verloor. Ek denk Oom Jan het seker al meer as een slapeloos nag o'er myn gehad.'

'Ek het nog nooit 'n vekoper krediet gege ni,' seg Oom Jan, 'jy is di eerste.'

‘Dankie ver di eer, mar ek wil weer osse en hamels koop.’

Oom Jan had eers ni, toen had hy 'n paar, eindelik 'n klomp. Ve was duur. Di hele dag gaat om met koop en verkoop. Dit was reeds donker, toen hulle van di kraal terug kom.

Na di ete sit di twe mans weer te praat. 'n Klein bitji oer politiek, en toen was di storie geld. Van geld kom dit op grond, en van grond op di plaas van Hendrik.

‘Ek wou dat dit myn plaas was,’ seg Morris, ‘ek het daar 'n goeije koopman voor.’

‘Wie is dit, en wat wil hy ge?’ vraag Oom Jan vurig.

Morris maak as of hy di vraag ni verstaan ni, en ge gen antwoord.

Oom Jan werd kwaad, mar bedwing hom. ‘Hendrik kan ni verkoop ni,’ seg hy eindelik, ‘vollens di testament, moet ek di plaas kry ver £1500.’

‘So het hy my geseg,’ antwoord Morris, ‘maar altemit is daar nog iets an te doen,’

‘Hulle kan gen testament omgooi ni,’ seg Oom Jan haastig.

‘Dit gaat my ni an ni,’ seg Morris en trek syn skouers op.

‘Hendrik *moet* di plaas an my verkoop,’ seg Oom Jan.

‘Nou Oompie! as jy ver myn £100 wil ge, dan sal ek jou £4000 ver die plaas besorre; mar dan moet ons Saterdag voor twaalf uur op di dorp wees om die koopbrief te skrywe.’

‘Dit sal ek nooit doen ni,’ seg Oom Jan, ‘dit is te veul. Wie is di man?’

Morris haal syn pyp uit en begin te rook. ‘Besigheid is besigheid, Oompie! soos die Engelse sê. £3900 is waarlik nie te min nie, en £100 ver my is waarlik nie te veul nie. Sorg mar dat jy Saterdag voor twaalf uur op di dorp is. Maar wil jy ni, oek goed.’

Oom Jan had gen lus om di saak op te ge ni, en hou an, Morris moes di naam van di man noem, mar di bolander was te ouderwets daarvoor, en seg dat hy vaak had.

Toen Oom Jan siet dat hy ni vorder ni, begin hy toe te ge. Eers beloof hy £20, toen £50, toen £75, mar Morris had mar vaak, eindelik beloof hy £100 ‘Di handelaars is oek so agter geld,’ sug Oom Jan. ‘Wel o s weet, om geld te maak,’ antwoord Morris, wat Oom Jan syn sug verstaan het. ‘Mar ons sorre ver ons famieli. ‘Ek is gek na geld,’ voeg hy daar skerp by, ‘mar as jy ver Hendrik wil help, dan moet jy dit om mynontwil ni laat ni. Ek siet dan van die £100 af.’

‘Ek het niks met Hendrik te maak ni,’ antwoord Oom Jan knorrig, ‘hy moet di plaas verkoop. Ek sal hom wel later help.’ Morris lag. ‘Waar sal ek ver Oom ontmoet? Morre moet ek na Paddakop, en oermorre moet ek na Willem van Duren, Gerrit Verhoef wat by hom woon het myn geseg dat hy 'n paar span esse het om te ver-

koop. Ek wil dit graag hê. Hy het mooi osse.'

'Jy moet oppas ver di Gerrit,' seg Oom Jan bits, 'myn hottentot seg dat di beeste ni skoon is ni.'

'Dit is snaaks,' antwoord Morris, 'ek ken Gerrit al lang, hy het myn nog nooit bedroge ni, mar ek sal dit wel uitvinde.'

'Kom Vrydag middag hier, dan kan ons same na Hendrik toe gaan, altemit kan jy myn nog bitji help, mar jy moet daar met niemand oer praat ni.'

'Goed!' seg Morris, en di twee gaat slaap. Morris droom lekker van syn honderd pond; mar Oom Jan had dit swaar. Geldduiwel was ni te vrede ni. Dat hy £100 moet afge was tog al te swaar. Di gedagte dat hy 'n goeije slag kon slaan en Mr. Pay wys dat hy hom ni nodig had ni geef hom eindelik rus.

Ja dis wonnerlik waardeur 'n mens soms rus kan kry.

Hoofdstuk III.

'n Baas maak 'n plaas, seg die spreekwoord, en so dag Gerrit oek toen hy di vollende aand op Koningin's Vly kom en syn ou ryperd so'n bitji lat kop speul. Dit was 'n ordentelike plaas die Koningin's Vly, mar daar was mar min op gewerk. Die arme

Hendrik Bronsveldt was ni van di flukste ni en daarby was hy sieklik.

‘As ek mar eers hier woon, dan sal dit anders lyk,’ dag Gerrit. ‘Di plaas moe ni verkog worde ni. Oom Hendrik is mar swak, al is hy Annie haar vader. Sy aart na haar ma. As sy mar net ver myn wil wag.’

‘Dag Gerrit, wil jy afsaal,’ klink 'n vrolike stem, en Annie haar broertji, wat veul van Gerrit hou kom na hom toe. ‘Hoor jou rypêrd is mooi lyfskoon.’

‘Ja,’ seg Gerrit, ‘di veld is redelik. Waar is jou ma?’

‘Binne,’ was di antwoord. ‘Anni het haar oge al rooi gekyk na di bult.’

Gerrit knelter die pêrd en gaat in. Toen hy binne kom werd hy deur Annie haar moeder vrindelik ontvang, en Annie, hoewel sy ver haar ongemerk hou, groet hom tog vriendeliker as sy 'n ander sou gegroet hê. Oom Hendrik was in di kamer, siekelik en knorrig. Gerrit moes eers 'n lang verhaal anhoor van allerhande teenspoed, terwyl tante Sannie van di geleentheid gebruik maak om di kamer bitji an kant te maak. Anni was in di kombuis

Eindelik had Oom Hendrik uitgepraat, en gaat Gerrit syn pêrd besorre. Voor hy uitgaat siet hy tante Sannie staan, gaat na haar toe en seg: ‘Tante! as dit vanaand stil is, moet ek met oom en tante 'n bitji praat. Ek het iets te vertel.’

Tante kyk verwonderd op, mar ge gen ander antwoord ni as ‘ja.’

Na di ete en huisgodsdiens seg sy ver Gerrit, dat hy mar in di kamer na Oom Hendrik moes gaan, en dat sy net nou sou kom. Sy gaat, en Annie wat 'n bitji nuwskierig was gaat by di deur staan.

Idereen wat dit geprobeer het weet dat dit ni so gemaklik is om 'n ernstig gesprek te begin ni. Dit onderwind Gerrit oek. Di woorde bly hom in syn keel sit, en as tante ni ver hom jammer gekr en gevraag het wat hy wil ni, dan weet ek nie hoe hy sou deurgekom hê ni. Op tante haar vraag begin hy 'n hele stori, reg hartelik, mar erg deurmakaar, want sweepslaan kon Gerrit veel beter as praat. Eindelik begryp hulle tog wat hy wil sê.

Syn plan was, nadat hy gehoor het dat Oom Hendrik in moeielikheid was, om hom te help. Hy wou 'n wa en soveul osse verkoop, dat hy Oom Hendrik £400 kon leen. Di geld kon oom mar terugge wanneer dit gelege was. Gerrit s[o]u wel gou genoeg opboer, en weer 'n wa en osse koop.

Annie haar ouers was regte verwonderd, en tante merk wel, dat hier wat agter sit. Sy begin hom uit te vra, en di hele boel kom toen uit.

‘Ja, tante,’ stotterde Gerrit, ‘Annie het ver myn geseg, dat sy myn liefhet en op myn sal wag totdat ek genoeg het om te trou, as oom en tante wil. Annie is nou weg gegaan,

mar tante kan haar mar vra. Ek denk so, as ek oom nou help, dan kan oom my later weer help.'

Eers wil di ou mense van Gerrit syn plan ni hoor ni, vooral tante ni. Sy wil ni, dat Gerrit hom ver hulle sal opoffer. Gerrit bepleit syn saak egter so mooi, dat hulle eindelik toege. Hy praat toen so gemaklik, dat dit was as of al di sorge somar weg was.

'As boetie Jan ons nou mar nie oer syn geld opdruk ni,' seg oom Hendrik, dan sal alles reg kom.'

'Myn broer is wel gierig, mar so verkeerd sal hy tog ni wees ni. Hy sal ons ni ongelukkig maak ni.'

Hoewel dit al laat was, kry Gerrit tog nog tyd om 'n bitji met Annie te praat. Wat hy gepraat het weet ek ni; mar dit weet ek, dat hy regte tevrede gaat slaap het.

Hoofstuk IV.

Dis tog mar goed dat 'n me[n]s ni altyd weet wat voor di deur staat ni anders had Gerrit nooit so lekker geslaap, en so vrolik huis toe gery ni. Dat hy syn osse moes verkoop hinder hem ni, want Annie had hem, voor hy wegry, nog so vrindelik bedank en geseg dat hy mar gerus kon wees, sy sou nooit met 'n ander trou ni. Syn perd was oek fluks want hy het dit goed gehad; waar di baas welkom is, daar is di perd oek welkom. Met 'n

opgeruimde gemoed saal hy voor di huis deur af en gaat in.

Kyk! wat is dit? Oom Willem wat altyd opgeruimd is, sit met 'n knorrig gesig te rook, dat di damp so trek, en Tante Letje praat oek ni!

‘Hoe gaat dit hier, Oom?’ vra Gerrit.

‘Dit gaat mar miserawel; Zwartbooi het net nou kom se dat een van di beeste siek lyk. Hy denk dat dit longsiekte is. Ek het 'n perd lat haal om na di veld te ry en di beeste an te keer.’

‘Wat, longsiekte onder di beeste!’ roep Gerrit, vreeslik onsteld, ‘dan is ek ongelukkig.’

‘Dit is spytig,’ seg Oom Willem, ‘mar wat kan 'n mens daar an doen? Dis werelds goed.’

‘Mar ek is heeltemal ongelukkig en Annie oek,’ roep Gerrit uit, en word doodbleek.

Oom Willem kyk verwonderd op en wil vra, mar tanta skud haar kop, en haar man bly stil. ‘Kom Gerrit,’ seg sy, ‘drink mar eers koffi. Dit sal wel beter gaan; denk daaran, voor en teenspoed kom van Bo.’

‘Mar ek het so veul teenspoed, tante! Ek het jare ver di osse gesukkel, en nou ek iets goeds daarme wil doen, gaat hulle dood. Ander mense doet kwaad met hulle goed en het voorspoed.’

‘Moet ni so praat ni,’ seg Tante Letjie, sag mar ernstig. ‘Ek h t meer deurgestaan as jy, en ek weet

en geloof dat God een iegelik, di op Hem vertrouwt, niet beschaamt maakt. Ek hoop dat jy dit oek eenmal sal weet.'

Gerrit bly stil, mar dit woel binnekant. Hy wou alleen wees, en toen di perd kom, bied hy an om di beeste by mekaar te gaan maak. Op 'n stapje ry hy weg. Dis net of 'n perd party keer weet hoe 'n mens voel. Di beeste was ni ver ni. Angstig kyk Gerrit hulle deur, en, jawel! daar was een van Oom Willem syn mooiste verse siek. Hy begin hulle nou an te ja, en toen siet hy dat een van syn voorosse, 'n pragtige rooi Afrikaner, oek siek was. Dit was waar! Di longsiekte was onder di beeste.

Toen Gerrit syn mooi mak vooros so siek sien, kon hy dit ni hou ni. Hy klim af, en gaat op 'n miershoop sit, met syn gesig in syn hande. Al syn planne was verydel. Hy was al te verdrietig. Seg nou ni, 'Ach dis mar wereldsgoed. Dit is waar; mar as je jare lang gesukkeld het om 'n bietje by mekander te bring, dan is dit mar hard as so 'n siekte dit weg neem.' Gerrit voel dit diep, en daar ek di waarheid wil skrywe, sal ek oek mar sê, dat syn oge nat was eer hy daarom dink. Hy kon dit ni help ni. Wat moes hy nou na Koningins Vley lat weet; alles is uit.

Terwyl hy so sit, kom tante Letjie haar woorde kom te binne. Gerrit was gen onverskillig mens ni, hoewel hy grappig was. Wel had hy sig nog

ni geheel en al an di Heere oer gege ni, want dan sou hy meer troost gehad hê, soos Annie, wat 'n vroom meisje was, mar onverskillig was Gerrit ni. ‘De Heere weet bes,’ het tante oek geseg, en dit seg Gerrit haar nou na. ‘Wat sit ek hier te huil nes 'n klein seuntje dat geef niks. Laat ek mar liewer oppas nou dit tog so ver is, en di Heere om hulp bidde. Ek sal 'n bitje swaarder moet werk, dat is al, mar ek is gesond en fris. Huil help tog oek ni.’

Met 'n ligter hart klim Gerrit weer op syn perd, hoewel hy moeite had om koerasie te hou, toen hy syn vooros hoor hoes. Di hardste was, dat hy Morris moes sê, dat hy nou niks kan verkoop ni.

Morris was wel 'n bitje ontevrede, dat hy ver niet moet ry, mar dat help nou ni.

‘Oom Jan van Linge het my eergister al vertel dat daar siekte onder di beeste was,’ seg Morris.

‘Hoe wis di ou Kerl dit,’ vraag Gerrit, wat net kwaad werd.

‘Ek weet dit ni,’ seg Morris, ‘al temit het hy dit van syn volk gehoor.’

Gerrit had gewoonlik gen dokters goed nodig om eetlus te kry ni; mar nou kon hy di kos ni in kry ni. Onverskillig hoor hy di gesprek van Morris met Oom Willem an toen hy plotseling getroffe werd deur 'n gesegde van Morris, waaruit hy verstaat dat Morris met Oom Jan Vrydag aand op Koningin's Vley sou wees. Dadelik

maak hy 'n plan om oek daar te wees lat kom wat wil.

Morris gaat na syn slaapkamer en toen vra Gerrit of hy Vrydag weer kon ry. Oom Willem was verwonderd dat Gerrit nou praat van ry, en daarom vertel Gerrit al di planne, wat hy gehad het.

Oom Willem skudde syn kop; ‘Ja Gerrit,’ seg hy, ‘dit is nou verby, mar jy is tog 'n bitje te goed. 'n Mens moet eers ver hem self sorge. Pas mar op dat jy jou ni vastloop ni.’ Tante Letjie seg niks, maar toen Gerrit gaat slaap, gee sy hem 'n nagsoen, iets wat sy in gen jare gedaan het ni.

‘Vrou jy is net so gek as Gerrit,’ seg Oom Willem, met 'n glimlag, toen hulle alleen was.

Tante Latjie ge gen antwoord ni, mar ge hom oek 'n soen, en daarme was di stori uit.

Hoofdstuk V.

Werk is 'n straf, ten minste van di sonde in di wereld is; mar werk is tog oek 'n seen, want daar is niks beter om moed te hou ni *‘Bid en Werk.’* Dit ondervind Gerrit oek. Daar was so veul te doen met di beeste, dat hy gen tyd had om te treur ni, en dit was Vrydag middag eer hy daarom dog. Hy wis ni wat te doen ni. An Oom Hendrik het hy 'n bitji

geskrywe, waarin hy di saak bekend gestel het, en toen di rytyd kom, staat hy in twyfel. Di beeste was geênt en nou kom di weer onverwags op. Hy het gereken dat dit ni sou reen ni, omdat dit winter was en nou was di wolke so dik, dat hy bang was om te gaan. Oom Willem had jammer ver hom en seg: ‘Gaat mar Gerrit! hier is volk genoeg. Ek sal wel ver di beeste sorre.’

Gerrit ry weg, mar dit was ni 'n plisiertoggi ni. Syn hart was stukkend. Daarby kom, dat dit gou begin te reen. Eers saggies, mar later stroom di water. As imand plisierig is dan voel hy di reen ni so baing ni, mar as imand swaar het, dan is dit net as of hy dit meer gewaar word. Di son was al onder toen hy op Koningins Vley kom. Voor di deur staat di buggy van Morris, en daaruit begryp Gerrit dat Oom Jan binne was. Annie kom uit, mar haar oge was rooi.

‘Hoe gaat dit hier Annie?’ vra Gerrit.

‘Dit gaat mar swak,’ was haar antwoord. ‘Pa is siek; Mr. Pay was hier en wou syn geld hê, en nou is Oom Jan hier. Hy is al 'n paar uur met pa en ma in di kamer. Ma het netnou papier kom haal om te skrywe. Mr. Morris is oek hier.’

‘Kan ek ingaan, Annie?’

‘Ek weet ni. Gaat mar in, al kry jy misskien oek anstoot.’

Gerrit neem di vryheid om di deur oop te maak en in te stap. Di eerste

wat hy siet was Mr. Morris wat besig was met skrywe en verstoord opkyk.

‘Skrywe mar,’ seg Gerrit, ‘Ek wil net groet.’

‘Toen ek jonk was,’ seg Oom Jan, so kwaad as 'n slang, ‘kom 'n jong kerel ni somar in di kamer ni, mar nou gaat dit so: hoe armer hoe parmantiger.’

Gerrit had groot lus om 'n antwoord te ge, en as Oom Jan ni oud was ni, nog iets meer. Hy bedwing hom egter, en gaat sit by di bed van Oom Hendrik, wat niks anders doen ni as hoes. Tante Sannie geef hom di hand.

‘Mr. Verhoef kan mar bly,’ seg Morris, ‘ons het 'n getuige nodig.’

‘Ja bly mar Gerrit,’ seg tante.

Oom Jan kyk Gerrit nydig an. Mr. Morris had syn werk klaar en begin dit voor te lees. Dit was 'n koopbrief waarin Oom Jan beloof om £1600 kontant te betaal, mar dan moet Koningins Vley binne 'n maand afgelewer worde. Gerrit word warm van verontwaardiging toen hy dit hoor.

‘Laat Oom en tante nou mar teken,’ seg Morris ‘en alles is klaar.’

‘Wag 'n ogenblik'’ seg tante Sannie, terwyl sy opstaat en na Oom Jan gaat, ‘wag 'n ogenblik. Broer Jan as ons di koopbrief teken is ons dood arm en moet swerwe. Kan jy dit op jou gewete neem? Ek het lank mooi gepraat, mar nou doet ek dit ni langer ni, as jy voor my sterf en jy Pa ontmoet, seg hom dan hoe jy ons behandel het.’

Oom Jan werd by di woorde doodsbleek. Dit duur enige tyd eer hy antwoord kon ge. ‘Ek wil di plaas ni hê ni, sus Sannie! geef my mar myn £1000 met di rente, en hou di grond. Oerlede Pa wou ni hê dat di grond onder vreemde kom ni.’

‘Jy weet wel dat ons dit ni kan ni,’ seg Sannie, terwyl sy haar broer bedroef ankyk, ‘De Heere richtte nu tusschen u en my! Teken mar Hendrik!’ gaat sy voort toen sy di papier en pen au haar man ge, ‘Ek sal jou ni verlaat ni, en di Here sal help.’

In diepe stilte werd di koopbrief geteken. Onmiddelik hierna staat Oom Jan en Morris op en gaat uit om na di weer te kyk.

‘Hoor,’ seg Morris, ‘Oompie kan gerus an jou suster nog 'n £500 ge. Oom het meer hart as ek. Ek kon dit ni hou toen sy so ernstig praat ni.’

‘Ek het al £100 te veul gege,’ seg Oom Jan, ‘mar hoe kom ons morre op di dorp? Di spruit raas nes hy vol is. Kan dit ni wag tot Maandag ni?’

‘Ne, di man staat in koop met 'n ander plaas; as hy morre voor twaalf uur ni koop ni, is hy di plaas kwyt. Ek weet hy wil liewers Koningins Vley hê en £4000 ge; mar ek het hom geskrywe om tot morre te wag.’

‘Wie is di man?’

‘Ne Oompie! dit is verniet om ver my uit te vra. Morre sal ek Oom by di man bring, as Oom 'n bewys teken dat Oom myn £100 sal ge.’

‘Vertrou jy my dan ni?’ roep Oom Jan toornig, ‘ek wil di plaas ni verkoop ni.’

‘Net soos Oom wil,’ seg Morris heel bedaard, ‘mar ek gaat in, ek reen nat.’

Di orige van di aand was verdrietig genoeg Gelukkig gaat Oom Jan vroeg slaap, en toen vertel Annie an Gerrit di hele geskiedenis. Eers was Mr. Pay gekom en het met dagvaarding gedreig. Toen kom Oom Jan en vraag syn geld, en haar ouers het op laas mar toegege.

Gerrit had oek gen raad meer ni, en gaat met 'n bedrukte hart slaap.

Hoofdstuk VI.

Dit was 'n lieflike oggend. Di onweer was oer, en Oom Jan staat vroliker op as hy in lange tyd gedaan het. Geldduiwel het syn sin gekry en di gewete was stil gemaak. Di eerste wat hy doet was na di spruit te gaan kyk.

Di gesig van di spruit lat Oom Jan syn opgeruimdheid bedaar. Hy trek 'n skewe gesig. Di spruit was sterk.

‘Dit is fout,’ seg di ou, ‘hoe kom ons deur?’

Daar is seker niks in di wereld wat 'n mens syn geduld meer op di proef stel as 'n volle spruit of rivier, of as 'n mens op reis is ni, en Oom Jan had mar min geduld. Hy loop op di wal

heen en weer, om te sien of di water ni sak ni mar dit lyk eer of di spruit groei.

Di ander mense was oek opgestaan, en toen hulle Oom Jan by di drif siet gaat hulle na hom toe. Ider een geef syn opinie, di een seg, ‘'n Mens kan deur,’ di ander seg, ‘Ne.’

‘Dit lyk ni mooi ni, Oom Jan!’ seg Morris, ‘Ons kom van morre ni deur, ten minste ni met di kar ni.’

‘Ken je di drif,’ was di antwoord.

‘So effentjies, mar ni heel goed ni, di spruit lyk sterk.’

‘Wel, ons kan 'n paar uur wag.’

‘Ek weet ni,’ seg Morris, ‘di spruit groei nog stadig. Hoor, dit is spytig.’

‘Stuur 'n Kaffer deur met 'n brief, Morris,’ seg Oom Jan na enige ogenblikke.

‘Dit sal ni gaan ni, mar ek denk om self te perd deur te ry. Geef myn mar 'n prokurasie. Te perd sal ek wel deur kom.’

‘Waar 'n perd kan deur, kan 'n kar oek deur. Ek ge gen prokurasie ni.’

‘Oom vertrou oek nimand ni; ek seg mar di spruit is sterker as Oom denk.’

Met andag beskou di ou di water. ‘Kom, Morris! lat mar 'n man voor ry, wat di drif ken, dan sal dit wel gaan.’

Morris kyk na di water, di spruit was mar lelik.

‘Soos oom wil,’ seg hy op laas, ‘myn perde is goed en water gewend. Kan oom swem?’

‘Seker beter as jy,’ was di antwoord, want oom Jan begin al ordentelik warm te worde.

‘Kom, Gerrit, vat tog 'n perd en help ons deur, kerl!’ seg Morris; mar eer Gerrit kon antwoord seg oom Jan: ‘Lat Witbooi liwer deurlei. Hy woon hier en ken di drif. Gerrit sal ons lat verongeluk.’

‘Hoor, oom! jy is tog 'n dwarskop,’ seg Morris wat kwaad werd, ‘ken jy di drif, Witbooi?’

Ja, seur! as basi myn net een shilling ge, dan sal ik deurlei.

‘Mar ik wou tog liver dat jy dit doet, Gerrit!’ seg Morris

Oom Jan vertrou myn nie. Hy denk dat ik hom sal lat verongeluk,’ antwoord Gerrit, lat hom nou sien, dat hy klaar kom.

Oom Jan en Morris gaat toen inspan terwyl Witbooi 'n perd opsaal. Oom Jan neem syn bondeltje klere uit di kar kissi en set dit op di banki, mar eers neem hy daar 'n rolletji uit, wat baing na banknote lyk. Di rolletje steek hy in syn binne baatjisak.

As oom iets van waarde het moet oom dit liwers hier lat bly,’ seg Morris, wat dit gesien het.

Oom Jan skrik ‘Dit is mar papiertjies.’

Di Hottentots span di perde in, Gerrit bly by di drif, en di nuwsgierigheid had ook Annie daar gebring.

‘Is di spruit gevaarlik,’ vra sy.

Ja, seker, as ek ten minste myn suster haar plaas, so op myn gewete het ry ek van dag ni in ni,’ antwoord Gerrit.

‘Foei tog, Gerrit! hoe kan jy tog so praat, jy moet jou liwer mar klaar hou om te help.’

‘Wees mar ni bang, dat ek jou liwe oom sal lat verdrink ni; daar kom hy al. Hou jou mar klaar, Klaas! en Jafta, van dag kan julle swem as di buggy, di groot klip an di hot kant kry dan gaat dit. Trek mar gerus julle skoene uit.

Klaas en Jafta doet soos geseg was, en Gerrit volg hulle voorbeeld.

Daar kom oom Jan. Witbooi reg voor. Morris het di leisels en oom Jan di sjambok. By di drif hou hulle stil. ‘Di spruit lyk miserawel van dag,’ seg Morris, ‘sal ons mar ni liwer omdraai ni?’

‘As jy bang is geef myn mar di leisels,’ was di antwoord.

Morris had gelyk. Di spruit lyk ni mooi ni. Omtrent tien tre onderkant di drif was 'n klein watervalletji en omtrent dertig tre la'er af een wat groter is met lelike grote klippe. Di spruit was sterk.

‘Pas op!’ skre Gerrit, ‘ho'er op, Witbooi! pas op ver di klip, an di hot kant.’

‘Ry in, Witbooi;’ roep Morris en di jong ry in. Di buggy volg. Di eerste vyf tre gaat dit goed, mar di

stroom was te sterk, di perde moes swem.

‘Slaat oom!’ skre Morris, ‘trek Nelson! trek England!’

Di perde doet hulle bes, mar dit help ni. Di stroom sleep hulle me. Eers gaat Witbooi met perd en al onderste bo. Toen kry di wiel di klip an di hotkant, di buggy val om en en dryf met perde en al stroom af.

‘Help, Gerrit! help di mense,’ gil Annie.

Gerrit was al in di water. Met syn mes tussen, di tande swem hy;’ Klaas en Jafta volg hom.

Di twe in di kar was gelukkig uitgeval. Morris, wat 'n flukse Afrikaner was, was al besig om in di swem di tuige los te sny, om op di manier perde te redde. Oom Jan had hy glad en al vergeet.

Gerrit vergeeet oom Jan ni, mar swem na hom toe. Met kragtige hand gryp hy hom by di kraag van syn baatje, en hou syn kop di water.

Dit sou alles goed gegaan het, mar ongelukkig was di batji baing oud en toen Gerrit oom Jan na di wal sleep, skeur di batje van agter middel deur

Help Klaas! skre Gerrit. Oom Jan spartel dat dit 'n aard het, en Gerrit gryp hem nou by di arm en sleep di ou na di wal. Hy let daar ni op dat di een helfte van di batje uitval en stroom afdrywe ni.

Net soos oom Jan grond kry werd hy reg. Di eerste, waarna hy kyk was na syn baatje.

‘Waar is myn halwe baatje!’ gil [h]y ernstig.

‘Dit gaat see toe, ou baas!’ riep Klaas.

‘Myn batje! myn geld, myn geld!’ gil di ou. ‘Daar is banknote in, baing geld. Ek is dood arm as ek dit nie weer kry ni.’

Nimand hoor hom ni. Gerrit en Klaas was weer ingegaan om Morris te help.

Oom Jan klim nou haastig di wal uit. Di stuk van di batje was by di waterval te'en 'n klip vas gedrywe. Met vonkelende oge siet oom Jan dit an.

‘Myn banknote! gil hy en dag an niks anders ni. Myn geld! myn geld!

Langsaam begin di batje los te gaan. Nog enige minute, en dit sou middel in di stroom wees.

Toen kon Oom Jan dit ni langer hou ni. Hy spring op, loop langs di wal en, voor dat imand hom kon hinder, was hy in di water.

Di stroom was sterk, di klippen lelik en glad mar dit lyk of Oom Jan weer jeugdige kragte gekry het. Half sw[e]m, half loop, kom hy deur di klippe. Hy klim op 'n klip en siet, hoe di batje los spoel. Nou dag hy an geen gevaar ni, hy maak 'n flukse spring, en hy het syn batje.

Di spring het egter syn kragte uitgeput. Toen hy wil terugkom, slaat di water hom onderste bo teen 'n klip. Di bloed maak di water rooi.

‘Help ver Oom Jan, help tog Gerrit!’ gil Annie op di wal.

Algar kyk om en Gerrit lat hom afdrywe, tot waar Oom Jan was. Hy was gen minuut te vroeg ni. Oom Jan was al bewusteloos, mar syn batje lat hy ni los ni.

Deur di ander geholpe bring Gerrit Oom Jan op di wal en in di huis. Di ou was bewusteloos en di bloed stroom langs syn gesig. Tanta Sannie en Annie, byna dood van skrik, doet wat hulle kan om hom by te kry.

‘Di affairetje sal myn ordentelik geld kost,’ seg Morris, toen hy syn stukkende buggy, weer op di wal had. Gelukkig is di perde gered. Mar daar kon oek gen seen by so 'n saak wees ni.

Met grote moeite het hulle met di stuk batje uit Oom Jan syn hande gekry. In di binne sak was di banknote, mar alles pap nat.

‘Pas op ver di papiertjes,’ seg tanta Sannie an haar dogter, ‘sit dit mar eers weg.’

Na veul sukkel kom Oom Jan tog by. Hy slaat syn oge op en kyk verwonderd rond.

‘Myn batje! waar is myn baatje?’ sug hy.

‘Hier is dit oom,’ roep Annie haastig, ‘hier is di papiertjies.’

‘Ge dit hier, myn kind!’ stamel Oom Jan, ‘laat dit hier voor myn oge droog worde. Di slegte Gerrit, waarom kon hy ni beter oppas ni. Wat 'n skade! Wat 'n skade!

Nimand spreek hem teen ni, want hulle wou hem ni steur ni. Eers lyk dit of Oom Jan spoedig sou beter wees, mar teen di agter middag kry hy kouw koors, en hulle was verplig om di dokter te haal. Gerrit bied hom gewillig an, nadat hy eers 'n boodskap na Oom Willem gestuur het. Di spruit was oek bitji gesak.

Toen di dokter di vollende dag kom, lyk Oom Jan weer beter, mar di dokter skud syn kop, en wou daar volstrek niks van hoor dat Oom Jan sou vervoerd worde ni. ‘Di ou kerl is te swak,’ seg hy. ‘Hy het te veul bloed verlies en ek is bang dat hy hom inwendig beseer het. Ek geloof ni dat hy sal deur kom ni, as hy nog iets te doen het, laat hom dit spoedig doen.’

Di arme Sannie voel nou, dat sy di broer, nietteenstaande al syn gebreke, tog lief het. Di gedagte dat hy sou sterwe skok haar, en veral dat hy so sou sterwe. Sy durf ni met hom praat ni, en skryf daarom 'n brifi an di predikant om tog te kom.

Oom Jan werd altyd swakker. Toen di ou leeraar kom siet hy wel dat dit met Oom Jan na di einde gaat. Hy had 'n lang gesprek met hom, mar het nooit vertel wat daar gesproke is ni. Hy blyf di nag op Koningin's Vley. Toen di dag anbreek siet Sanni dat haar broer sterwende was. Sy kniel voor syn bed neer. Oom Jan kyk haar an, steek di hand uit, en wil spreek, mar kon ni. Enige ogenblikke

later raak di leeraar haar an. Sy kyk op, en Oom Jan was dood.

Daar was mar min mense op di begravenis, dog daar was 'n bisondere erns. Di leeraar het gesproke; stil gaat dit naar di geopende graf. Toen di dragers terug kom staat di kindertjies van Oom Hendrik voor di deur.

‘Ons is nou ryk, meneer! Witbooi seg so, al Oom Jan syn goed 's nou ver ons,’ roep 'n klein jongetji van vyf jare, toen hy di predikant siet, ‘Ek is bly dat hy dood is.’

Dit was of al di anwesige skrik.

‘Stil myn kind!’ seg di leeraar met grote erns, ‘stil! men spreekt zoo niet.’ Hy wend hom tot di bystanders en voeg daarby: ‘Hoort broeders! dit kind in zyn onwetendheid predikt het ons, en zyn prediking is: Vreest, vreest den geldduivel.’

Oom Jan had gen testament wil maak ni en so kryg Sannie al syn goed. 'n Paar maande later woon Gerrit op Zaaifontein en Anni was by hem. Hy was o! so gelukkig. Met di longsiekte was dit goed gegaan. Hy het ni veul verloor ni, selfs syn mooi vooros was deurgekom. Hy leef tevrede en as hy soms bitji te veul oer syn osse spreek, dan was Annie daar om hom toe te roep: ‘Gerrit! pas op ver di Geldduiwel!’